# VOORHUWELIKSE GESLAGSGEMEENSKAP TEOLOGIES-ETIES BESKOU[1]

**Dr. P. J. de Bruyn**

1. *Inleiding: Aktualiteit, noodsaaklikheid en doel van hierdie studie.*
Gedurende die afgelope drie dekades het voorhuwelikse geslagsgemeenskap, in vergelyking met die voorkoms daarvan in die verlede, buitengewoon toegeneem in feitlik al die lande van die Westerse wêreld. Daar is goeie gronde om aan te neem dat dit ook in Suid-Afrika op groot skaal voorkom. Ook is die saamwoon van ongetroude mans en vrouens asof hulle getroud is, 'n praktyk wat tans, oorsee en in Suid-Afrika, deur baie jongmense — en oueres — sonder enige skaamte beoefen word.

Daarby kom nog dat, terwyl voorhuwelikse geslagsgemeenskap tot ongeveer 1940 deur die Roomse Kerk sowel as die reformatoriese kerke eenstemmig afgewys is, dit tans nie alleen in humanistiese kringe nie, maar ook deur teoloë èn kerke in amptelike uitsprake goedgekeur en selfs bepleit word. *Teoloë* wat dit goedkeur is onder andere Trimbos,[2] Barczay[3] en Rinzema[4]. *Kerke* wat by wyse van sinodebesluite hulle goedkeuring daaraan geheg het, is die Nederlandse Hervormde Kerk[5] en die United Presbyterian Church, USA[6]. Daarteenoor word voorhuwelikse geslagsgemeenskap nog deur baie teoloë en kerke, ook die drie Afrikaanse kerke, met beslistheid op grond van die Skrif afgewys.

In aansluiting daarby word daar tans die situasie aangetref dat mense (ook teoloë) mekaar uitdruklik weerspreek oor die geoorloofdheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap volgens die Skrif. Volgens sommige, soos Nelson,[7] Fletcher,[8] Kaptein[9] en Barczay[10] word geen verbod daarop in die Heilige Skrif gevind nie, terwyl andere soos H. Ridderbos,[11] Jasperse,[12] Douma,[13] Van Wyk[14] en Kruger[15] van oordeel is dat dit wel in die Skrif verbied word.

In die lig van dié situasie was die *doel* van die studie wat onderneem is om die vraag na die geoorloofdheid en toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap te beantwoord in die lig van die Gereformeerde teologiese etiek. Aangesien die geopenbaarde wil van God, soos dit in die Skrif gevind word, in die Gereformeerde teologiese etiek die maatstaf vir die beoordeling van die mens se optrede is, moet veral nagevors word wat die Skrif oor voorhuwelikse geslagsgemeenskap sê.

2. *Historiese oorsig tot 1940.*
Verskeie persone[16] wat die seksuele rewolusie — soos dit ook in voorhuwelikse geslagsgemeenskap tot openbaring kom — gedurende die afgelope drie dekades bestudeer het, is van oordeel dat hierdie revolusie tot 'n groot mate 'n reaksie is op die antiseksuele tradisie in die Christelike kerk. Om vas te stel of hierdie beoordeling van die siening en praktyk in die Christelike kerk gegrond is èn om die huidige beskouings oor en die voorkoms van voorhuwelikse geslagsgemeenskap in die regte perspektief te plaas, is dit nodig om 'n kort historiese oorsig te gee van die belangrikste beskouings, uitsprake en praktyke betreffende seksualiteit in die algemeen en voorhuwelikse geslagsgemeenskap in die besonder in die Christendom vanaf die

tweede eeu na Christus tot met die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog.

Reeds uit die Nuwe Testament is dit duidelik dat daar gedurende die eerste eeu van die Christelike kerk 'n ontsettende sedelike verwildering in die Romeinse Ryk geheers het (Rom. 1 : 18-32). Teen dié sedelike verwildering het die Christendom in sy eerste jare in heftige verset gekom (Rom. 1, 1 Kor. 5,6).

Behalwe die Christene was daar egter ook, wat Rinzema[17] noem, die "edele heidene" wat ernstig oor die sedelike verwildering verontrus was en iets daaraan wou doen. Hierdie "edele heidene" was die woordvoerders van die Stoïsynse en Neoplatoniese filosofie.

Saam met die "edele heidene" het die Christene die stryd teen die sedeloosheid aangeknoop. Op die wyse het daar, volgens Rinzema,[18] 'n *monsterverbond* tot stand gekom tussen die Christene en die heidene wat wel dieselfde *doel* voor oë gehad het, maar opgetree het vanuit verskillende agtergronde en motiewe. Die Christene het dit gedoen omdat hulle daarin 'n verwerping van God en sy gebod gesien het. Maar die heidene het dit gedoen vanuit die *asketiese tendense* van die Stoïsyne, en veral die *dualisme* van die Neoplatonisme.

In die Neoplatonisme is Plato se skeiding tussen *liggaam* en *siel* nie net oorgeneem nie, maar ook vereenselwig met die teëstelling tussen *goed* en *kwaad*. Alles wat met die siel te doen het, is as goed beskou, maar alles wat met die liggaam te doen het, is as sleg veroordeel bloot omdat dit liggaamlik is.

Hierdie dualisme is in die Bybelse begrippe van siel en liggaam, goed en kwaad ingedra, en dit het veral duidelik tot openbaring gekom in die kerk se beskouing en beoordeling van die seksuele.

Vir die ontwikkeling van die seksuele moraal in die kerk, was hierdie monsterverbond 'n ramp gewees. Die gevolg hiervan was dat daar van ongeveer die tweede eeu na Christus af 'n antiseksuele tendens in die Christelike kerk ontstaan het. Dit het gelei tot die beskouing dat geslagsgemeenskap wesenlik sondig is, maar verskoonbaar as dit binne die huwelik plaasvind met die oog op 'n nageslag. Dié standpunt is gehuldig deur onder andere Augustinus,[19] Thomas van Aquino,[20] Luther[21] en Calvyn.[22]. Die gevolg van hierdie standpunt was dat daar teen die einde van die agtiende eeu in opvoedkundige kringe aanbeveel is dat, indien daar met kinders oor geslagsgemeenskap gepraat word, dit aan hulle voorgehou word as 'n walgende morsigheid wat weersinwekkend en afstootlik is. Daar is selfs gevra dat die Bybel en die Kategismus gesensureer moet word. Hierdie antiseksuele siening bereik sy hoogtepunt in die Victoriaanse tydperk met sy bykans algehele onderdrukking van die ingeskape seksuele drang by die mens. Maar juis deur dié uiterste is die weg gebaan vir 'n reaksie in 'n teenoorgestelde rigting: 'n totale seksuele ongebondenheid wat ook in toenemende voorhuwelikse geslagsgemeenskap duidelik tot openbaring kom.

Indien die Christelike kerk hom nie deur die heidendom tot 'n antiseksuele houding laat verlei het nie, is dit moontlik dat die uiterstes van die Victoriaanse tyd nooit gerealiseer het nie en kon enige moontlike reaksie daarteen uitgeskakel gewees het. Dan sou die kerk nie in die verleentheid gekom het dat hy as seksueel-vyandig beskou is en dientengevolge die weg na 'n seksuele revolusie help berei het nie.

*3. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap na die tweede wêreldoorlog.*
Sedert die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n seksuele revolusie plaasgevind wat al die fasette van die seksuele lewe, insluitend voorhuwelikse geslagsgemeenskap, in verskeie opsigte ingrypend verander het. Soos reeds aangedui, het voorhuwelikse geslagsgemeenskap in dié tyd nie slegs geweldig toegeneem in omvang nie, maar sekere teoloë en kerke het hulle ten gunste daarvan uitgelaat. Verskeie en uiteenlopende indirekte en direkte oorsake het daartoe aanleiding gegee en begunstig dit tans ook nog.
As *historiese oorsaak* het die Tweede Wêreldoorlog deur sy ontwrigting van die normale seksuele lewe in die huwelik, deur die kunsmatige voeding daarvan deur die optrede van filmsterre en deur die geleentheid vir buite-egtelike geslagsgemeenskap in besette gebiede, die weg gebaan om na die oorlog baie makliker en baie meer tot voorhuwelikse geslagsgemeenskap oor te gaan as wat voor die oorlog die geval was.
Die vernaamste *politieke oorsaak* wat bygedra het tot voorhuwelikse geslagsgemeenskap is die propaganda van seksuele bandeloosheid deur die Kommuniste in lande wat hulle wil verswak en oormeester.
Wat *godsdienstige oorsake* betref, het die verswakking van die invloed van die Christendom en die skeiding tussen leer en lewe dit makliker gemaak om die weg na voorhuwelikse geslagsgemeenskap te betree. Daarby het sekere teoloë en kerke hulle goedkeuring daaraan geheg en dit selfs aanbeveel.
Op *maatskaplike, kulturele en sosiale terrein* het die prominensie wat in die kommunikasiemedia aan seks verleen word, die vrylike beskikbaarheid van voorbehoedmiddels, die lang periode tussen seksuele rypheid en die huwelik met gepaardgaande lang verhoudings, die groter ongekontroleerde vryheid van kinders en jongmense, ens. 'n konglomeraat van faktore geword wat voorhuwelikse geslagsgemeenskap bevorder het en nog bevorder.
Daarbenewens is daar nog *persoonlike oorsake* soos te intieme vryery, doelbewuste verleiding, die onoordeelkundige gebruik van sterk drank, ens. wat ook tot voorhuwelikse geslagsgemeenskap aanleiding gee.
Sommige van die genoemde oorsake is indirek en ander direk van aard. Die indirekte faktore het 'n infrastruktuur geskep waardeur voorhuwelikse geslagsgemeenskap begunstig is en begunstig word, terwyl die direkte faktore op meer konkrete wyse daartoe aanleiding gegee het en nog gee.
Die gevolgtrekking waartoe al die gegewens lei, kan soos volg saamgevat word:

* Die maatskaplike en kulturele situasie in die Westerse Wêreld en ook in Suid-Afrika is tans sodanig dat dit 'n besondere gunstige atmosfeer vir voorhuwelikse geslagsgemeenskap skep en baie bevorderlik daarvoor is.

*4. Die wese van geslagsgemeenskap.*
In die verlede is daar dikwels gefouteer deur die wese van geslagsgemeenskap slegs in 'n enkele aspek daarvan te soek. So is daar voorheen beweer dat die wese van geslagsgemeenskap geleë is in *bevrugting.*[23] Daarom moet dit ook net plaasvind as bevrugting en swangerskap beoog word. In die moderne tyd is daar weer diegene wat van oordeel is dat die wese van geslagsgemeenskap geleë is in

die *orgasme* en *seksuele bevrediging*.[24] Daarom is dit onbelangrik of die ander persoon wat by die geslagsgemeenskap betrokke is, die spesifieke persoon se lewensmaat is of nie — as albei maar net kom tot volle orgasme. Ander meen weer dat die wese daarvan in die *geestelike gemeenskap* tussen man en vrou geleë is.[25]
In al hierdie en dergelike sienings word 'n eensydigheid geopenbaar, omdat die wese van geslagsgemeenskap slegs in 'n enkele faset daarvan gesoek word. Maar geslagsgemeenskap by die mens het verskillende komponente, byvoorbeeld 'n liggaamlike èn 'n geestelike, 'n erotiese èn 'n prokreatiewe, ens. Daarom moet die wese daarvan in al die verskillende komponente gesoek word.
Daarby kom ook dat 'n persoon se lewensbeskouinge en mensbeskouing ook bepaal wat sy siening van geslagsgemeenskap is. So sal die humanis 'n ander siening daarvan hê as die oortuigde Christen. In 'n poging om vanuit Christelike oogpunt te bepaal wat die wese van geslagsgemeenskap is, is die volgende vasgestel: Geslagsgemeenskap is:

— 'n gawe van God;
— die openbaring van 'n wesenstrek van die mens;
— 'n genotvolle uiting gee aan seksuele drange;
— 'n welbewuste handeling;
— 'n handeling van 'n man en 'n vrou deur middel van die geslagsorgane van beide;
— 'n psigo-somatiese handeling;
— 'n handeling van 'n man en 'n vrou wat mekaar liefhet, waardeur hulle hulle liefde op 'n besondere wyse betuig en waardeur die een aan die ander die geleentheid bied om sy/haar seksuele behoeftes te bevredig;
— 'n daad van komplementerende eenwording;
— 'n handeling waardeur 'n man en 'n vrou op 'n unieke manier met mekaar kommunikeer;
— 'n handeling waardeur bevrugting kan plaasvind;
— 'n handeling wat in privaatheid geskied;
— 'n handeling waaraan daar 'n sekere misterie verbonde is waarvan die inhoud en betekenis nie presies onder woorde gebring kan word nie.

Indien al hierdie komponente van geslagsgemeenskap in berekening gebring word, kan dit soos volg gedefinieer word:

> As 'n gawe van God en die openbaring van 'n wesenstrek van die mens is geslagsgemeenskap 'n welbewuste, psigo-somatiese, kommunikerende, private handeling wat 'n element van misterie het, gewoonlik deur 'n getroude man en vrou wat mekaar liefhet en in hulle eenwording hulle liefde teenoor mekaar wil betuig; dit geskied deur middel van beide se geslagsorgane op so 'n wyse dat hulle volledige, genotvolle bevrediging van hulle seksuele drange vind in die orgasme met die moontlikheid van bevrugting.

### 5. *Voorhuwelikse geslagsgemeenskap volgens die Skrif.*[26]

5.1. Die Ou Testament.
5.1.1. Die instelling van die huwelik.
Die instelling van die huwelik word gevind in Gen. 2 : 24 waar ver-

klaar word: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees".

Op goeie gronde kan aanvaar word dat hierdie woorde as voorskrif of ordening bedoel is en nie as 'n blote mededeling nie.

Die verlaat van vader en moeder en die aankleef van die vrou dui die amptelike totstandkoming van die huwelik aan. Eers daarna mag die geslagsgemeenskap, die *een-vlees-wees* plaasvind.

Die apostel Paulus het die woorde in Gen. 2 : 24 ook so verstaan. In Kor. 6 : 16 haal hy immers hierdie woorde aan om te toon dat, volgens die ordening van God, geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik mag plaasvind. Daarom maak die Korintiërs, wat geslagsgemeenskap met hoere het, hulle skuldig, omdat hulle dit buite die huwelik laat geskied.

5.1.2. Voor die Mosaïese wetgewing. Gen. 29 : 20-21: Jakob en Ragel. In Gen. 29 : 20-21 word gesê: "So het Jakob dan sewe jaar gedien vir Ragel; en hulle was in sy oë soos 'n paar dae omdat hy haar liefgehad het. Toe sê Jakob vir Laban: Gee tog my vrou, want my dienstyd is om, dat ek by haar kan ingaan".

Hieruit is dit duidelik dat hoewel Jakob Ragel liefgehad het en sewe jaar in haar teenwoordigheid was toe hy by haar vader gewerk het om haar te verdien, hy tog geen geslagsgemeenskap met haar gehad het nie.

Uit sy woorde is dit duidelik dat hy en Laban, en Ragel sekerlik ook, besef het dat geslagsgemeenskap eers kon plaasvind vanaf die oomblik dat hulle wettig getroud is.

Uit wat hier en verder in die boek Genesis van Jakob gesê word, is dit duidelik dat sy kuise lewe nie slegs aan goeie gedrag sonder meer toegeskryf moet word nie, maar dat dit lewensbeskoulik gemotiveer is. Anders gestel: hy het *as gelowige* nie aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap oorweging geskenk nie, omdat hy dit beskou het as strydig met God se wil. Trouens, sy seun Josef het, terwyl hy nog 'n jongman was, buite-egtelike geslagsgemeenskap bestempel as 'n "sonde teen God" (Gen. 39 : 9), en Josef kon dit by niemand anders as sy ouers geleer het nie.

Dit is duidelik dat daar volgens Jakob 'n eksklusiewe band tussen geslagsgemeenskap en die huwelik is wat beteken het dat voorhuwelikse geslagsgemeenskap uitgesluit is.

5.1.3. Die Mosaïese wetgewing.

5.1.3.1. Deut. 22 : 13-29: Voorskrifte insake vermeende en werklike buite-egtelike geslagsgemeenskap. In die behandeling van die Mosaïese wetgewing moet besondere aandag geskenk word aan Deut. 22 : 13-29 aangesien daarin breedvoerig en duidelik bepaal word hoe daar in die verbondsvolk van God opgetree moes word in alle gevalle van vermeende en werklike miskenning van die Godgegewe band tussen geslagsgemeenskap en die huwelik.

5.1.3.1.1. Deut. 22 : 13-19: Die valse beskuldiging dat die bruid nie 'n maagd is nie. Indien 'n man sy vrou valslik beskuldig dat sy ten tye van hulle huwelik nie 'n maagd was nie en die valsheid van sy beskuldiging bewys kon word, het hy 'n drievoudige straf ontvang:

- hy ontvang lyfstraf;
- hy moet die vader honderd sikkels silwer betaal, wat gelykstaande is aan die normale bruidsprys wat vir 'n vrou betaal is (vgl. vers 29);

— hy word die reg ontneem om ooit van haar te skei (vgl. Deut. 24 : 1).

Die rede vir hierdie straf word soos volg aangedui: "Omdat hy 'n slegte gerug oor 'n jongmeisie van Israel versprei het". Die slegte gerug is dat sy ten tye van haar huwelik nie 'n maagd was nie.

Uit hierdie bepaling kan gesien word watter hoë waarde daar geheg is aan die maagdelikheid van die meisie tot en met hulle huwelik. Anders gestel: hier kan gesien word hoe beslis alle voorhuwelikse geslagsgemeenskap afgewys is. En die man wat dit waag om so 'n valse beskuldiging uit te spreek en daarmee sy vrou en haar ouers te belaster, word beloon met 'n drievoudige straf. Dit beteken dat hy baie seker van sy saak moet wees voor hy dit sal waag om so 'n beskuldiging te opper.

5.1.3.1.2. Deut. 22 : 20-21: Die gegronde beskuldiging dat die bruid nie 'n maagd is nie. Indien die beskuldiging dat 'n meisie tydens haar huwelik nie 'n maagd was nie, gegrond is, moet sy voor haar vader se huis deur die manne van die stad gestenig word, "omdat sy 'n *skanddaad* in Israel begaan het deur in die huis van haar vader te *hoereer*".

Die sondigheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap word in hierdie bepaling in Deut. 22 : 20,21 baie duidelik aangedui, aangesien dit hier pertinent as *hoerery* bestempel word. Dit word baie skerp veroordeel as 'n *skanddaad in Israel.* Dit is by skuldigbevinding baie *swaar gestraf*

Uit hierdie voorskrif is dit duidelik dat God wil hê dat daar 'n eksklusiewe band tussen geslagsgemeenskap en die huwelik moet wees.

5.1.3.1.3. Ex. 22 : 16-17 en Deut. 22 : 28-29: Geslagsgemeenskap met 'n onverloofde meisie. In Ex 22 : 16-17 en Deut. 22 : 28-29 word bepaal dat as 'n man met 'n onverloofde meisie geslagsgemeenskap het, hy verplig is om die bruidsprys te betaal en met haar te trou en hy word verbied om ooit van haar te skei. Wel word gesê dat die vader van die meisie so 'n huwelik kan weier.

Hierdie "reëling wat vir geslagsgemeenskap met onverloofde meisies voorgeskryf is, moet nie as 'n blote reëling gesien word nie, maar as 'n strafmaatreël — die straf vir 'n oortreding. Dit blyk duidelik uit die motivering van die bepaling in Deut. 22 : 29: "Omdat hy haar onteer (verkrag) het". Ook die verbod om ooit van haar te skei, is duidelik as 'n strafmaatreël bedoel.

Verder is dit duidelik dat reeds die geslagsgemeenskap hulle verplig tot 'n huwelik en nie eers swangerskap nie. Geslagsgemeenskap word hier so sterk aan die huwelik verbind dat dit gesien word as 'n daad van huweliksluiting. En dit toon baie duidelik dat daar 'n eksklusiewe band tussen geslagsgemeenskap en die huwelik is.

5.1.3.2. Ex 20 : 14 en Deut. 5 : 18: Die sewende gebod. As die *sinekdogeïese karakter* van die Tien Gebooie in gedagte gehou word en verder dat daar, volgens Geesink[27] by die sewende gebod nie van die huwelik uitgegaan moet word nie maar van *kuisheid,* kan in die lig van Deut. 22 : 21,28,29 verklaar word dat voorhuwelikse geslagsgemeenskap wel 'n vorm van egbreuk is wat deur die sewende gebod verbied word, omdat mense wat hulle daaraan skuldig maak, dit buite die huwelik (die eg) laat plaasvind wat volgens die ordening en doel van God slegs daarbinne moet plaasvind. Daarom is dit sonde.

5.1.4. Die digterlike en wysheidsliteratuur. Hoogl. 8 : 8-10: Is die meisie 'n muur of 'n deur?

In die boek Hooglied word openlik van die genietinge van die liefde en spesifiek van seksuele genot gepraat. Maar dit is duidelik dat dit in alle gevalle op getroudes betrekking het. Tog kom voorhuwelikse geslagsgemeenskap wel ter sprake in Hoogl. 8 : 8-10 waar gesê word: "Ons het 'n klein sustertjie wat nog nie borste het nie; wat moet ons met ons suster maak die dag as sy gevra word? As sy 'n muur is, sal ons 'n silwerrand daarop bou, en as sy 'n deur is, sal ons dit met 'n sederplank toeslaan".

Die vraag is of hierdie sustertjie, as sy volwassenheid bereik, soos 'n *muur* of soos 'n *deur* sal wees.

— *As sy soos 'n muur is,* is sy afwerend teenoor sedelose jongmanne wat haar reinheid, kuisheid en maagdelikheid wil skend. Dan sal haar broers haar eer.

— *As sy soos 'n deur is,* is sy onstandvastig en geneig om toe te gee aan die onkuise begeertes van sekere jongmanne. Dan sal haar broers drastiese stappe doen om haar te beskerm teen haar eie onvermoë om haarself maagdelik ongeskonde te hou.

Die groot saak wat hier beklemtoon word, is *dat die jongmeisie maagdelik rein moet bly tot die dag van haar huwelik,* en as sy nie self in staat is om daarvoor te sorg nie, sal die ander lede van die gesin, en in die besonder haar broers, dit doen.

In hierdie gedeelte word aan die eksklusiwiteit van die verband tussen geslagsgemeenskap en die huwelik dié besondere betekenis geheg dat dit voorhuwelikse geslagsgemeenskap as 'n ongeoorloofde daad aandui.

5.1.5. Samevatting en gevolgtrekking.

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat daar volgens die Ou Testament 'n eksklusiewe verband tussen geslagsgemeenskap en die huwelik is. Geslagsgemeenskap mag net binne die huwelik plaasvind: nie vóór die huweliksbevestiging nie en ook nie ná die huweliksbevestiging met iemand anders as die persoon met wie jy getroud is nie. Gevolglik is voorhuwelikse geslagsgemeenskap beskou as 'n oortreding van die gebod van God en daarom as sonde teen God; dit word bestempel as 'n daad van hoerery en daarom uitdruklik afgewys en veroordeel.

5.2. Die Nuwe Testament.

Om vas te stel wat die Nuwe Testament oor voorhuwelikse geslagsgemeenskap sê, moet 'n eksegetiese uiteensetting gegee word van die begrippe en gedeeltes wat op die onderwerp betrekking het.

5.2.1. Hoerery *(porneia).*

In die Nuwe Testament word veral twee woorde gebruik om ontug of ongeoorloofde geslagsgemeenskap aan te dui, naamlik *porneia* en *moicheia.* In die 1954-vertaling is *porneia* en aanverwante woorde weergegee met *hoerery* (hoer, hoereer, hoereerder, ens.) en *moicheia* en aanverwante woorde met *egbreuk* (egbreuk pleeg, egbreker, ens.)

Die feit dat in die vier lyste van sondes en sondaars wat veroordeel word, naamlik in Matt. 15 : 19; Mark 7 : 21; 1 Kor. 6 : 9,10 en Gal. 5 : 9, en verder ook in Hebr. 13 : 4 sowel *porneia (pornoi)* as *moicheia (moichoi)* genoem word, wek die vermoede dat hierdie twee woorde nie dieselfde inhoud en betekenis het nie, al is daar 'n mate van oorvleueling. Dit is ook inderdaad die geval.

As al die eksegetiese gegewens oor die twee woorde saamgevat word, kan die onderskeid tussen hulle soos volg aangedui word: *moicheia*

dui die buite-egtelike geslagsgemeenskap van spesifiek getroudes aan; *porneia* dui alle buite-egtelike geslagsgemeenskap aan, van getroudes sowel as van ongetroudes. 'n Veroordeling van *porneia* beteken derhalwe ook 'n veroordeling van voorhuwelikse geslagsgemeenskap.

Indien die vier lyste van sondes en sondaars wat deur Christus en Paulus genoem is, in hierdie lig beskou word, dwing dit 'n mens tot die gevolgtrekking dat *porneia (pornoi)* naas *moicheia (moichoi)* genoem word om onder andere duidelik aan te toon dat nie slegs die buite-egtelike geslagsgemeenskap van getroudes as 'n gruwel beskou moet word nie, *maar ook die geslagsgemeenskap van ongetroudes*. Dit blyk baie duidelik daaruit dat Paulus in 1 Kor. 6 : 9,10 naas die *pornoi* en die *moichoi* ook die *malakoi* ("wellustelinge") en die *arsenokoitai* ("sodomiete" volgens die 1954-vertaling; "homoseksueles" volgens die 1979-vertaling) noem. Volgens deskundiges is sowel die *malakoi* as die *arsenokoitai* homoseksueles, maar die verskil is dat die *malakoi* dié aandui wat grotendeels passief by die homoseksuele daad betrokke is en die *arsenokoitai* die wat aktief daarby betrokke is. Albei groepe word dus veroordeel: nie net die wat die homoseksuele daad aktief verrig nie, maar ook die wat oënskynlik passief is, maar tog so 'n ongeoorloofde daad toelaat.

Paulus noem dus vier groepe sondaars op seksuele gebied. Indien hy net die *pornoi* genoem het, sou die ander groepe daarby ingesluit gewees het. Maar die feit dat hy al vier groepe apart noem, dui sterk daarop dat hy geen misverstand wil laat nie, dat hy praat van die seksuele sondes van getroudes èn ongetroudes, van aktief-homoseksueles èn passief-homoseksueles.

As Paulus dus in 1 Kor. 6 : 10; Gal. 5 : 19-21 en Ef. 5 : 5 sê dat geen *pornoi* die koninkryk van God sal beërwe nie, geld dit gevolglik ook vir hulle wat hulle skuldig maak aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap.

5.2.1.2. Die betekenis van *porneia* in 1 Kor. 7 : 2 en 1 Tes. 4 : 3-4.

In 1 Kor. 7 : 1b en 2 skryf Paulus volgens die 1979-vertaling: "Dit is goed vir 'n man om sonder 'n vrou te lewe, maar weens die gevare van onsedelikheid *(porneia)* behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man".

Volgens eksegete soos Calvyn,[28] Grosheide,[29] H. Ridderbos,[30] Groenewald,[31] Pop,[32] Miles,[33] Smedes[34] en andere dui *porneia* hier spesifiek voorhuwelikse geslagsgemeenskap aan. Om dit te voorkom, behoort mense in die huwelik te tree.

In 1 Tes. 4 : 3-4 skryf Paulus: "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer". Ook ten opsigte van die gebruik van *porneia* in hierdie uitspraak is H. Ridderbos,[35] J. C. Coetzee,[36] Hendriksen,[37] Cole,[38] De Kock[39] en Miles[40] daarvan oortuig dat dit op voorhuwelikse geslagsgemeenskap betrekking het. Deur die sluiting van 'n huwelik moet voorhuwelikse geslagsgemeenskap voorkom word.

5.2.2. *Een-vlees-wees.*

Die wyse waarop Christus die uitdrukking *een-vlees-wees* volgens Matt. 19 : 5-6 en Mark. 10 : 8 gebruik, is van so 'n aard dat dit duidelike veronderstel dat die objektiewe verbinding van die man en vrou

deur die sluiting van die huwelik *eers* voltrek moet word voordat die *een-vlees-wees* of geslagsgemeenskap kan plaasvind.

Dat dit inderdaad die bedoeling van Jesus was, blyk duidelik uit Matt. 19 : 10-12. Die eis van Jesus ten opsigte van die onverbreekbaarheid van die huwelik mede op grond van die *een word* van die twee tot 'n menslik-liggaamlike eenheid *(mia sarx)* in geslagsgemeenskap (Matt. 19 : 4-9), het 'n skerp reaksie by sy dissipels tot gevolg gehad: as seksuele eenwording so 'n onverbreekbare band lê, dan is dit beter om glad nie te trou nie (Matt. 19 : 10). Daarop antwoord Jesus dan dat hy wat nie *wil* trou nie, moet besef dat hy daarmee 'n keuse maak om voortaan te lewe soos iemand wat nie tot geslagsgemeenskap in staat is nie *(eunouchos)* en dit beteken algehele seksuele onthouding.

Wat uit hierdie uitspraak van Christus, binne die verband waarin dit voorkom, duidelik blyk, is dat daar volgens Christus 'n keuse tussen slegs twee moontlikhede is: òf 'n mens trou sodat die *een-vlees-wees* binne die huwelik gerealiseer word, òf 'n mens bly ongetroud en kom *nooit* tot *een-vlees-wees* nie. Dit beteken dat daar van geslagsgemeenskap buite en dus ook voor die huwelik geen sprake kan wees nie.

In 1 Kor. 6 : 16 wys Paulus op grond van die *skepping* en die *herskepping* die *een-vlees-wees* of geslagsgemeenskap buite en dus ook voor die huwelik beslis af.

In Ef. 5 : 31 word die *een-vlees-wees* so sterk aan die huwelik verbind dat gesê kan word dat wat die nagmaal in die verhouding tussen Christus en sy gemeente is, dit is geslagsgemeenskap in die verhouding tussen man en vrou binne die huwelik. Daarom het dit buite die huwelik geen plek nie, net soos 'n ongelowige geen deel mag hê aan die nagmaal nie, omdat hy nie deur geloof en liefde met Christus een is nie.

5.2.3. Maagdelikheid en verlowing/huwelik in die Nuwe Testament.

5.2.3.1. Maagdelikheid en verlowing. Volgens die Ou Testament het verloofdes nie met mekaar geslagsgemeenskap gehad nie — soos blyk uit die geskiedenis van Jakob en Ragel (Gen. 29 : 18-23).

In die Nuwe Testament is die geskiedenis van Josef en Maria 'n duidelike bevestiging van die feit dat daar geen geslagsgemeenskap tydens die verlowing plaasgevind het nie (Matt. 1 : 18-25). Hoewel hulle verloof was, was sy nog 'n maagd (Luk. 1 : 27). En in Matt. 1 : 18 word gepraat van die swangerskap van Maria wat "verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het".

Wat hier van besondere belang is, is die feit dat Josef se optrede gemotiveer word deur die feit dat hy *dikaios* was. *Dikaios* het hier die spesifieke betekenis dat dit Josef aandui as iemand wat volgens die wil van God lewe en hom daarom getrou en nougeset hou aan die wet van God wat Hy deur Moses aan Israel gegee het.

Sy *dikaios*-wees, sy gehoorsaamheid aan die wet van God, het Josef weerhou van enige geslagsgemeenskap voor die huwelik, selfs met Maria tydens hulle verlowing. Maar die swangerskap van Maria oortuig hom dat sý nie *dikaia* was nie. En in die lig van Deut. 22 : 23-24 maak juis sy *dikaios*-wees, sy gehoorsaamheid aan die wet, dit vir hom onmoontlik om te trou met 'n meisie wat nie meer 'n maagd was nie. Daarom wil hy van haar skei, maar — waarskynlik omdat hy haar liefhet — in die geheim om haar so min as moontlik leed aan te doen.

In die optrede van Josef is daar dus nie slegs historiese gesag geleë nie, maar vanweë sy *dikaios*-wees ook normatiewe gesag. En in hierdie konteks het *dikaios* die betekenis: geen geslagsgemeenskap voor die huwelik nie — nie met die verloofde en ook nie met iemand anders nie. (Vgl. ook 2 Kor. 11 : 2.)

5.2.3.2. "Laat hulle trou" — 1 (1 Kor. 7 : 7-9). In 1 Kor. 7 : 7-9 praat Paulus van die gawe van onthouding. En van diegene wat die gawe nie ontvang het nie, sê hy: "Maar as hulle hul nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand".

Hier word voorhuwelikse geslagsgemeenskap duidelik afgewys en die huwelik aangedui as die enigste plek waar aan die begeerte tot geslagsgemeenskap voldoen mag word.

5.2.3.3. "Laat hulle trou" — 2 (1 Kor. 7 : 36). In 1 Kor. 7 : 36 sê Paulus volgens die 1979-vertaling: "As iemand meen dat hy teenoor sy verloofde onbehoorlik handel deur nie te trou nie, en sy begeertes te sterk word en hy voel dat hulle behoort te trou, laat hom doen wat hy graag wil: laat hulle gerus trou. Dit is nie verkeerd nie".

Hierdie woorde van Paulus is in die loop van die geskiedenis op verskillende wyse verklaar. Die beste verklaring is egter die een waarvolgens dit betrekking het op 'n verloofde paartjie waar veral die man voel dat die drang tot geslagsgemeenskap in hom so sterk word dat hy gevaar loop om dit op die lang duur nie meer met sy selfbeheersing te onderdruk nie. In so 'n situasie is daar volgens Paulus net een korrekte weg: hulle moet trou.

Ook hierdie uitspraak beteken dus: geen geslagsgemeenskap voor die huwelik nie, maar slegs in die huwelik.

5.2.4. Samevatting en gevolgtrekking.

Die getuienis van die Nuwe Testament as geheel is dus dat voorhuwelikse geslagsgemeenskap teen die wil van God is en dat dit as sonde veroordeel moet word.

## 6. *Nadele en skandelike gevolge van voorhuwelikse geslagsgemeenskap.*

6.1. God se straf.

Uit die Skrif is dit duidelik dat God die wat sy wil misken en sy gebooie oortree, straf vir hulle sondige dade. Sonder om te verval in die wanvoorstelling waarin die vriende van Job verval het, kan nie ontken word nie dat God in sy straf heel dikwels handel volgens die *jus talionis* waarvolgens die straf ten nouste verbonde is aan en dikwels direk of indirek voortvloei uit 'n bepaalde sonde. (Vgl. 2 Sam. 12 : 10-12; Job. 31 : 9-10; Matt. 10 : 33; Mark. 8 : 38; Gal. 6 : 7; Kol. 3 : 25; 2 Tes. 1 : 6; 2 Tim. 2: 12.)

Dit kan in die praktyk ook duidelik gesien word by die wat hulle skuldig maak aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap.

Die volgende is die vernaamste nadele en skadelike gevolge van voorhuwelikse geslagsgemeenskap waarin die straf van die Here ook gesien moet word:

6.2. Nadele en skadelike gevolge vir die meisie.

6.2.1. Fisiese nadele en skadelike gevolge: kanker in die serviks (baarmoedernek.) Volgens navorsing wat op mediese gebied gedoen is,[41] is dit bo alle twyfel bewys dat die moontlikheid om kanker in die serviks te kry *die helfte* groter is vir die meisie wat voor die ouder-

dom van 17 of 18 jaar geslagsgemeenskap gehad het, as vir die een wat daarmee op 'n later leeftyd begin het. En indien die meisie/vrou met verskeie mans geslagsgemeenskap het, is die moontlikheid dat sy dié soort kanker kan opdoen *vier maal* groter as by die vrou wat nie vir promiskuïteit te vinde is nie.

6.2.2. Psigiese nadele en skadelike gevolge.
Die belangrikste is:

— vrees vir swangerskap;
— 'n gevoel van onsekerheid;
— emosionele ontwrigting;
— 'n gevoel van minderwaardigheid;
— skuldgevoelens;
— seksuele frigiditeit (koudheid).

Eersgenoemde vyf psigiese nadele van voorhuwelikse geslagsgemeenskap, en veral skuldgevoelens, loop heel dikwels uit op laasgenoemde, naamlik seksuele koudheid en afsydigheid van die vrou binne die huwelik. Al die onaangename gewaarwordings van kommer, sorge en skuld wat aan die geslagsgemeenskap voor die huwelik verbonde was, word telkens tydens geslagsgemeenskap binne die huwelik by wyse van assosiasie deur die betrokke vrou deurleef. Hierdie bron van onaangename herinnerings laat mettertyd 'n teësin in geslagsgemeenskap by haar ontwikkel.

So 'n seksuele koudheid en afsydigheid kan sonder twyfel lei tot ernstige spanning in die huwelik en selfs op 'n egskeiding uitloop.

6.2.3. Die meisie verloor die middel wat kan dien as bewys van die egtheid van die man se liefde. As 'n man 'n meisie werklik liefhet, sal hy bereid wees om tot die huwelik te wag voor geslagsgemeenskap kan plaasvind. Laat die meisie hom voor die tyd toe, het sy nooit sekerheid of hy haar werklik liefhet en of hy net haar liggaam wil hê nie.

6.2.4. Die meisie is altyd 'n verloorder in voorhuwelikse geslagsgemeenskap. Die meisie wat meedoen aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap kan niks wen nie; Sy kan net verloor — en boonop in verskeie opsigte.

6.3. Nadele vir die huwelik.

6.3.1. Leer mekaar nie behoorlik ken nie. Sodra 'n jong paartjie begin het met voorhuwelikse geslagsgemeenskap, is die neiging baie sterk dat die seksuele mettertyd 'n oorheersende plek in hulle verhouding begin inneem. Bykans elke besoek aan mekaar loop uit op geslagsgemeenskap. Dit het tot gevolg dat hulle die ander aspekte van mekaar se persoonlikheid nie leer ken nie. As hulle dan in die huwelik tree, kom hulle te laat tot die besef dat hulle mekaar nooit werklik geken het nie en selfs dat hulle ook glad nie by mekaar pas nie.

6.3.2. Gedwonge huwelike: aanleiding tot egskeidings. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap het, ondanks die vrylike beskikbaarheid van voorbehoedmiddels, dikwels swangerskap tot gevolg. Dit lei weer tot die gedwonge sluiting van huwelike wat nooit gesluit moes gewees het nie. Die uiteinde is dat 'n baie groot persentasie van die huwelike tog weer deur egskeiding ontbind word.

6.3.3. Dit begunstig ontrou na die huweliksbevestiging. As hulle voor

die huwelik met verskillende persone geslagsgemeenskap gehad het, vind baie dit moeilik om in die huwelik net met die huweliksmaat alleen tevrede te wees.

6.3.4. Dit belemmer die normale seksuele lewe in die huwelik. (Vgl. 6.2.2.)

6.4. Nadele en skadelike gevolge vir die volk of gemeenskap.

6.4.1. Geestelike en liggaamlike verswakking. Die Britse geleerde, Unwin,[12] het in die dertigerjare reeds op grond van navorsing aangetoon dat die verstandelike, kulturele en materiële *voor*uitgang of *agter*uitgang van 'n volk in direkte verband staan met die *beperking* of *uitbreiding* van hulle seksuele vryheid en bandeloosheid. Gevolglik moet 'n volk kies tussen òf seksuele vryheid en degenerasie òf seksuele dissipline en lewende ontwikkeling. In die lig hiervan voorspel die toename in seksuele bandeloosheid, soos dit ook in voorhuwelikse geslagsgemeenskap tot openbaring kom, niks goeds vir die Afrikaanse volk nie.

6.4.2. Toename in geslagsiektes. Daar is in die jongste tyd wêreldwyd en ook in Suid-Afrika 'n groot toename in geslagsiektes. Volgens 'n mediese geskrif[13] kom dit veral in groot getalle voor in hawestede en in stede en dorpe waar universiteite gevestig is.

Die groot probleem daarmee is dat 'n mens dit kan opdoen en dat dit daarna tot so lank as 40 jaar latent kan bly voor dit tot openbaring kom. Dikwels kom dit eers tot openbaring as 'n persoon se verstand aangetas word.

6.5. Etiese beredenering.

Volgens die Skrif, soos weergegee in antwoord 107 van die Heidelbergse Kategismus, eis God van die gelowiges "dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself, . . . sy skade, soveel as wat in ons vermoë is, moet afkeer".

In die lig van al bogenoemde nadele en skadelike gevolge van voorhuwelikse geslagsgemeenskap kan hierdie Skriftuurlike en konfessionele standpunt oor die onderhawige saak soos volg geformuleer word:

* Indien 'n persoon daarvan bewus is dat daar slegs 0,1 persent[14] moontlikheid bestaan dat hy/sy die persoon met wie hy/sy voorhuwelikse geslagsgemeenskap kan hê, op die wyse een of meer van bogenoemde nadele of skades kan aandoen — selfs al sou so 'n voorhuwelikse geslagsgemeenskap met die volle instemming van die ander persoon geskied — is dit in stryd met God se wil en daarom eties onverantwoord en ongeoorloof.

7. *Finale samevatting en gevolgtrekking.*

Hoewel voorhuwelikse geslagsgemeenskap tans op groot skaal voorkom en deur verskeie faktore — insluitend die optrede van teoloë en kerke in die verlede en in die hede — baie begunstig word, moet dit op grond van die Gereformeerde teologiese etiek as onversoenbaar met die geopenbaarde wil van God en daarom as sonde veroordeel word. Bowendien is daar ernstige nadele en skadelike gevolge daaraan verbonde, en dit is van so 'n aard dat dit nie anders gesien kan word nie as God se straf op die sonde.

*Lesing gelewer voor die Gereformeerde Teologiese Vereniging van Pretoria op 7 Junie 1982.*

VERWYSINGS:


1. Hierdie lesing/artikel is gebaseer op my proefskrif getitel: *Voorhuwelikse geslagsgemeenskap; 'n teologies-etiese studie,* 1982, PU vir CHO.
2. TRIMBOS, C. J. B. J. 1964. Gedachten over sexuele omgangsvormen bij verloofden. *Dux,* Mrt. 1964: 134.
3. BARCZAY, G. 1967. *Revolution der Moral? Die Wandlung der Sexualnormen als Frage an die evangelische Ethik.* Zürich/Stuttgart, Zwingli Verlag, pp. 213-218.
4. RINZEMA, J. 1972. *De sexuele revolutie; uitdaging en antwoord.* Kampen, Kok, p. 134.
5. NEDERLANDSE HERVORMDE KERK. 1972. *Liefde en sexualiteit; pastorale handreiking, aanvaard door de generale synode der Nederlandse Hervormde Kerk op 20 juni 1972.* 's-Gravenhage, Boekencentrum, pp. 65, 66, 70.
6. Cf. STAR, J. 1970. The Presbyterian debate over sex. *Look,* 8 Nov. 1970 : 54, 59-60.
7. NELSON, J. B. 1978. *Embodiment; an approach to sexuality and Christian theology.* London, SPCK-Holy Trinity Church, p. 153.
8. FLETCHER, J. 1967. *Moral responsibility; situation ehtics at work.* London, SCM Press, p. 134.
9. KAPTEIN, R. 1972. *Voor en na de trouwdag; religieuze en sociale aspecten.* Kampen, Kok, p. 74.
10. Op. cit. p. 174.
11. RIDDERBOS, H. N. 1968. *Het Woord, het rijk en onze verlegenheid.* Kampen, Kok, p. 290.
12. JASPERSE, P. 1973. *Jong en bejaard zijn in de maalstroom — 1.* Goes, Oosterbaan & Le Cointre, p. 54.
13. DOUMA, J. 1978. *Christelijke ethiek; capita selecta II.* Kampen, Copieerinrichting v.d. Berg, p. 38.
14. VAN WYK, J. H. 1980. Gesprek oor seksuele etiek. *Gereformeerde Vroueblad* 34(10), Mrt. 1980 : 13.
15. KRUGER, M. A. 1981. Wat sê die Bybel oor seksuele verhoudings voor die huwelik. *Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1981:* 215-219.
16. Cf. o.a. RINZEMA, J., op. cit. pp. 87-88.
17. RINZEMA, J., op. cit. p. 68.
18. RINZEMA, J., op. cit. p. 68.
19. AUGUSTINUS, A. 1971. The enchiridion. (De fide, spe et charitate.) *In* Schaff, P. (ed.) *A select library of the Nicene and post-Nicene fathers of the Christian church.* Vol. 3. Translated by J. F. Shaw. Grand Rapids, Eerdmans, p. 402, 404.
20. THOMAS VAN AQUINO. 1948. *Summa Theologia — 3.* Translated by Fathers of the English Dominican Province. New York/Boston, etc., Benzinger Brothers, p. 2740-2741.
21. LUTHER, M. 1962. The estate of marriage. *In* Pelikan, J. & Lehmann, H. T. (ed.) *Luther's works* — Vol. 45: The Christian in society — 2. Translated by W. I. Brandt. Philadelphia, Muhlenberg Press, p. 49.
22. CALVYN (CALVIN), J. 1950. *Commentaries on the four last books of Moses in the form of a harmony — 3.* Translated by C. W. Bingham. Grand Rapids, Eerdmans, p. 84. CALVYN (CALVIJN), J. 1972. *Uitlegging op den eersten en tweeden zendbrief van Paulus aan de Corinthiërs.* Vertaal deur A. M. Donner. Goudriaan, De Groot, p. 115.

23. Cf. o.a. KOTZÉ, D. N. 1969. Die Christen en geboortereëling. *Die Kerkblad* 72(2002), 4 Jun. 1969: 10-12.
24. Cf. VAN USSEL, J. M. W. 1970. *Afscheid van de sexualiteit.* Den Haag/ Meppel, Bakker, Boom, NVSH, pp. 43, 46, 47, 65.
25. Cf. WIJNGAARDEN, H. R. 1969. *Hoofdproblemen der volwassenheid; de psychische ontwikkeling tussen twintig en veertig jaar.* Utrecht, Bijleveld, p. 178.
26. Gesien die beperkte lengte van hierdie artikel, word slegs enkele van die belangrikste Skrifuitsprake kortliks hier behandel.
27. GEESINK, W. 1931. *Gereformeerde ethiek — 1.* Kampen, Kok, p. 405-407.
28. CALVYN (CALVIJN), J. 1972. *Uitlegging op den eersten en tweeden zendbrief van Paulus aan de Corinthiërs;* 2de druk. Vertaal deur A. M. Donner. Goudriaan, De Groot, p. 111.
29. GROSHEIDE, F. W. 1957. *De eerste brief an de kerk te Korinthe; 2de* druk. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen, Kok, p. 179, 180.
30. RIDDERBOS, H. 1966. *Paulus; ontwerp van zijn theologie.* Kampen, Kok, p. 342, 343.
31. GROENEWALD, E. P. 1971. *De eerste brief aan die Korinthiërs.* Kaapstad/ Pretoria, N. G. Kerk-Uitgewers, p. 85.
32. POP, F. J. 1965. *De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. Nijkerk,* Callenbach, p. 125.
33. MILES, H. J. 1975. Fornication. *In* Tenny, M.C. (ed). *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible* — 2. Grand Rapids, Zondervan Publishing House, p. 601. Cf. ook MILES, H. J. 1972. *Sexual understanding before marriage.* London, Lakeland, p. 205.
34. SMEDES, L. B. 1976. *Sex for christians; the limits and liberties of sexual living.* Grand Rapids, Eerdmans, p. 128.
35. RIDDERBOS, H. *Paulus,* p. 342.
36. COETZEE, J. C. 1975. *Die blye boodskap; 'n gids deur die boeke van die Nuwe Testament. — Deel 1:* Die briewe van Paulus. Potchefstroom, Pro Rege, p. 40-41.
37. HENDRIKSEN, W. 1972. *1 & 2 Thessalonians.* London, The Banner of Truth Trust, p. 102.
38. COLE, W. G. 1960. *Sex and love in the Bible.* London, Hodder & Stoughton, p. 251.
39. DE KOCK, E. L. 1959. Die briewe van die apostel Paulus aan die Thessalonicense. In: *Die Bybel met verklarende aantekeninge — 3.* Kaapstad, Verenigde Protestantse Uitgewers, p. 591.
40. Op. cit. 1972, p. 205. 1975, p. 601.
41. Cf. FEROSE, R. M. 1972. Malignant disease of the cervix. *In* Dewhurst, C. J. (ed.) *Integrated obstetrics and gynaecology for postgraduates.* Oxford/ London, Blackwell Scientific Publications, p. 618. MOGHISSI, K. S. & MACK, H. C. 1968. Epidemiology of cervical cancer; study of a prison population. *American Journal of Obstetrics and Gynecology* 100 (5), 1 Mrt. 1968: 609.
42. UNWIN, J. D. 1935. *Sexual regulations and cultural behaviour.* London, Oxford University Press, p. 19 20. C.f. ook UNWIN, J. D. 1934. *Sex and culture.* London,Oxford University Press, p. 373-374.
43. MEDIESE VERENIGING VAN S.A. 1974? *Die stille epidemie. Kaapstad* Afdeling Lekepublikasies van die S.A. Mediese Tydskrif, p. 5,7,13.
44. Cf. JANKOWITZ, JILL. 1970. A virgin's dilemma. *Personality,* 13 Aug. 1970: 69.